

## SONDAG VIR PERSONE MET GESTREMDHEID - 28 Augustus 2016

Preek vir Gestremde Bewusmaking Sondag:

Agtergrond Inligting:

*“Ek wens ek kan voel dat ek regtig **behoort** tussen die mense in die kerk – soos al die ander wat daar ‘n rol speel. Ek beleef egter meesal dat mense fokus op my beperkinge en my nie ‘n kans gun om ook my gawes met hulle te deel nie. Omdat ek ‘n rolstoel gebruik, dink hulle ek kan nie myself help nie, en ook niemand anders nie”*  
– Daniël, ‘n jongman na ‘n motorongeluk.

Alle kerke word uitgenooi om deel te neem aan ‘n spesiale dag om die insluiting van persone met gestremdheid te vier.

Die tema vir 2016 is **‘Werklike behoort tot die liggaam van Christus’**.

Op die [RampUp webwerf](#) is daar 'n aflaaibare [pamflet](#) met vars inligting en idees oor hoe hierdie Sondag vir Persone met Gestremdheid gevier kan word. ‘n Goeie beginpunt kan ook wees om ‘n besprekingsgroep bymekaar te kry waar gestremde en nie-gestremde persone kan saam dink oor die volgende vrae:

- Wat is die ervarings van persone met gestremdheid in kerke?
- Wat is die redes waarom so min gestremdes betrokke is in die kerk?
- Hoe kan ons gesprek bevorder tussen gestremdes en nie-gestremdes?
- Wat sal werklike insluiting en ‘behoort tot’ beteken vir persone met gestremdheid?
- Op watter praktiese maniere kan aktiewe insluiting bevorder word?

Op die webwerf [www.rampup.co.za](http://www.rampup.co.za) is daar ook baie ander inligting wat aangewend kan word vir 'n voortgaande program van insluiting. Stuur gerus vrae en voorstelle na Erna Möller by [erna@tlm.co.za](mailto:erna@tlm.co.za).

### Preekvoorstel: Sondag vir persone met gestremdhede

Frederick Marais (jfm@sun.ac.za)

Teks: 1kor 12:12-31 met spesiale fokus op 22-27

#### Kortliks agtergrond oor die teks en persone met gestremdhede:

1 Kor 12 in geheel en verse 12-31 in besonder, vorm deel van Paulus se korpus oor die kerk as liggaam. In die geskiedenis van die uitleg van die gedeeltes oor die kerk as liggaam is daar dikwels ‘n oorbeklemtoning op die funksionering van die kerk of die gemeenskap van gelowiges. Dié beklemtoning fokus dan op die diversiteit van gawes of funksies wat deur die Gees aan die kerk gegee is. Dit is natuurlik ‘n legitieme benadering, maar daar is ook ‘n ander moontlikheid in die teks nl die besondere aard van die verhoudings tussen die verkillende liggaamsdele van die liggaam. In kort gaan dié preek fokus op die sg “being-functions” en nie op die “doing-functions” nie. Hoewel beide benaderings legitiem is, kan daar ‘n saak uitgemaak kan word dat die funksies eers werklik verstaan word wanneer die “being-functions” en die interafhanklikheid van die dele verstaan word.

In die Grieks-Romeinse samelewing waarin die gemeente van Korinte geleef het, was die samelewing grootliks gestruktureer rondom hiërargieë wat aan mense regte en voorregte

gegee het ooreenkomstig hulle posisie in die samelewing. In-en uit-sluiting tot die gemeenskap is grootliks deur hierdie hiërargieë bepaal. Dit is natuurlik veral slawe en vroue wat ooreenkomstig hierdie samelewingstrukture die meeste geraak is.

Hoewel ons vandag leef in 'n land met 'n grondwet wat gebaseer is op 'n handves van menseregte, en ons daarom gelukkig nie meer hierdie meganismes van uitsluiting op grond van posisie, geslag of ras het nie, beteken dit nie dat daar nie in ons gemeenskap ook uitsluiting is nie. Ons weet dat in die markgerigte ekonomie van die ons samelewing, die teenoorgestelde waar is. Jou waarde en waardigheid word bepaal deur die "waarde" wat jy toevoeg, jou funksionaliteit en produktiwiteit. Hierdie ingesteldheid raak persone met gestremdheid die meeste en daarom vin ons dat hulle byna as 'n las in ons samelewing gesien word en uitgeskuif word in sentrums waar hulle versorg word.

Ook in 'n samelewing waar daar deur die welsynsfunksies van die gemeenskap, bv die kerk en staat, "omgesien" word na die lewensbehoefte van bv persone met gestremdhede, beteken dit nie dat hulle "ingesluit" word nie. Die realiteit is dikwels dat ons "sorg" vir persone met gestremdheid, hulle juis uitsluit van die gemeenskap wat haarself as "normaal" beskou. Sorg is, bedoeld of onbedoeld, uitsluitend wanneer ons mense wat anders as ons is, se waardigheid as mense volgens die kriteria van funksionaliteit beoordeel.

In die konsep van die liggaam van Christus soos verduidelik deur Paulus in 1 Kor 12, vind ons 'n ander beoordeling van die waardigheid van mense. Kwesbaarheid en afhanklikheid is hier 'n voorwaarde tot menslikheid.

## **Preek:**

### **Inleiding:**

Wanneer Christus met sy dissipels praat oor die finale oordeelsdag, moes hy hulle seker verras het dat Hy nie verwys na hulle godsdienstig lewe nie, maar na die wyse waarop hulle omgesien het na diegene wat sonder kos, sonder klere, siek, of vreemdelinge en in die gevangenis was. Wanneer die dissipels dan verbaas vra, maar wanneer was u sonder klere, of sonder kos, siek, 'n vreemdeling of in die gevangenis, en dan antwoord Hy, "...vir sover julle dit aan een van die geringstes gedoen het het julle dit aan My gedoen". (Matt 25:40)

Op hierdie Sondag vir persone met gestremdheid, sou ons seker kon byvoeg, maar wanneer was u blind, of doof, of intellektueel gestremd, of...? en dan kom die antwoord, vir sover jy omgesien het na een van die persone met gestremdheid in jou samelewing, het jy dit aan my gedoen.

Ons sou die fout kon maak om te dink dat 'n dag soos hierdie eintlik net bedoel is vir diegene met persone met gestremdhede in ons families of vriendekring. Ons teksgedeelte dink duidelik anders. Gemeentes sou ook maklik kon dink, wel ons het nie baie persone met gestremdhede in ons gemeente of gemeenskap nie, so hoekom sal so 'n dag vir ons belangrik wees?

### **Die geringstes is sentraal vir die Liggaam van Christus:**

Soos wat Christus die sorg van die geringstes sentraal stel in die Koninkryk, verduidelik Paulus dat in die Liggaam van Christus, diegene wat “as die swakste voorkom, noodsaaklik is”. Die normale denkwysse van hulle wat swak is word versorg deur hulle wat sterk is, word hier omgedraai. Die noodsaaklikste is nie die sterktes, rykes en magtiges nie, maar hulle wat swak is en hulp nodig het.

Paulus verduidelik in 1 Kor 12 hoe die liggaam van Christus funksioneer. Hy verduidelik in die eerste 11 verse dat daar in die liggaam ‘n verskeidenheid van gawes is wat deur dieselfde Gees gegee is en met dieselfde doel. Van vers 12 af verduidelik hy dat die verskeidenheid deel uitmaak van die één liggaam. In hierdie liggaam is die verskeidenheid van gawes belangrik en gelyk. Die een kan nie vir ander sê, ek het jou nie nodig nie.

Tot hier is dit nie moeilik om vir Paulus gelyk te gee nie. Die krag van die liggaam lê mos juis daarin dat die ledemate verskillend is. En, ja ons weet, ons is tog almal uit genade gered en is daarom in Christus gelyk. Ons gawes is genadegawes wat ons ontvang as geskenk en nie uit verdienste nie.

Maar dan skielik van vers 22-26 neem Paulus ons na heeltemal ‘n ander plek. Noodsaaklik, onontbeerlik is hulle wat nie kan nie, nie hulle wat kan nie, maar hulle wat nie op hulle eie kan nie. Die liggaam is nie daar om by wyse van spreke vir die swakkes te sorg nie, maar om van hulle te leer oor waaroor die lewe en gemeenskap gaan.

### **Waardigheid gaan oor meer as wat ek kan doen**

Die noodsaaklikheid van die wat die swakste voorkom, klink na ‘n aweregse argument. Hoe kan swakheid noodsaaklik wees?

Dit kan alleen wees indien die noodsaak in die lewe nie gaan oor wat ons kan doen of produseer nie, maar om wie ons is. Nie ons “doing” nie maar ons “being”. In die lewe saam met Christus is ons nie eers waardevol wanneer ons iets gedoen het nie, maar is ons waardevol omdat ons na die beeld van God geskape is. Waarde is daarom nie geheg aan produksie nie, maar is inherent aan menswees.

### **Mense met gestremdhede se kwesbaarheid bevry ons**

Dit is in ons gemeenskap met mense met gestremdhede dat ons bevry kan word van die dwang om te produseer. In die gemeenskap met mense met gestremdhede word die lewe onwillekeurig stadiger en rustiger. Ontdek ek vreugde in die klein dingetjies van die lewe, die vermoë om te kan ruik vir ‘n blinde, om te kan voel vir ‘n dowe, om te kan omhels vir ‘n persoon met intellektuele gestremdheid sonder taal om te kan sê, ek is lief vir jou.

So word die persone met gestremdhede vir ons die noodsaaklike skakels in die liggaam om ons eie menswees in afhanklikheid van die ander te ontdek. Wanneer ek nie kan nie, is my bydrae dat ek nie sonder jou kan leef nie en ontdek ek so my eie afhanklikheid van ander.

Want ons almal word uiteindelik in die lewe gekonfronteer met ons eie kwesbaarheid. Daar kom ‘n dag in die lewe van elkeen van ons dat ons nie meer kan nie, en afhanklik word van ander. Daardie dag sê die evangelie is nie die dag waarop ek minder begin lewe nie, maar die dag waarop ek ontdek dat die lewe oor veel meer gaan as om iets te doen.

### **Spandeer tyd in gemeenskap met persone met gestremdhede**

Spandeer gerus 'n dag saam met 'n bejaarde wat nie meer self kan opstaan nie. Of 'n persoon met intellektueel gestremdheid, en jy sal agterkom hoeveel van die lewe aan jou terug gegee word.

Henry Nouwen, die bekende katolieke priester en skrywer oor spiritualiteit, het sy suksesvolle loopbaan eensklaps gestop en aangesluit by Daybreak, 'n sentrum vir persone met gestremdheid. Daar het hy vir Adam, 'n persoon met intellektuele gestremdheid versorg.


Dit is by Adam, vertel hy, wat hy geleer het wat nederigheid, kwesbaarheid en dankbaarheid is. Adam kon byna niks vir homself doen nie en was volledig afhanklik van sy versorgers. Nouwen sê onder andere oor Adam, *Adam is die mees behoeftige van ons almal, maar hy is ook die sterkste band tussen ons.*

Omdat Adam so afhanklik is, is daar altyd dankbaarheid rondom Adam.

### Slot:

Juis hulle wat die swakste voorkom is noodsaaklik, want hulle verlos ons van die noodsaak om te presteer, en bevry die menswaardigheid in en tussen ons. Dalk was dit die rede waarom Christus hulpeloos aan 'n kruis moes hang, om ons so te verlos van ons vrees vir kwesbaarheid?

Verdere leeswerk:



*Adam: Gods beloved* deur Henry Nouwen, of kyk na die volgende videogreep waarin vertel word wat Adam vir Nouwen beteken het: <http://www.youtube.com/watch?v=UlxXIY2r1yQ>